PALMSONDAG, 1 April 2007
Markus 11:1-11
Ds Freddie Schoeman

Tyd om weer in die wêreld van Jesus en sy dissipels in te klim! Ons is besig om saam met Jesus en sy dissipels na Jerusalem te reis. Maar ons is nie enigste nie. Duisende ander Jode is besig om dieselfde te doen – soos elke jaar hierdie tyd. Want dis tyd om Pasga te vier.

Pasga was die hooffees van die Joodse godsdiens. Dit het 'n sterk bevrydingskarakter gedra aangesien dit 'n fees was om die bevryding uit slawerny van Egipte te herdenk. Daarom het dit ook baie sterk nasionalistiese ondertone gehad. En elke jaar was daar 'n sterker hunkering daarna om die juk van die Romeine af te gooi. En natuurlik ook elke jaar 'n sterker hunkering na 'n leier, 'n Messias, om die koninkryk van Israel te herstel.

So kom ons saam met Jesus en sy dissipels in Jerigo aan. Jerigo is die laagsliggendste dorp in die wêreld – byna 300m onder seespieël, sowat 20 km oos van Jerusalem, net so bokant die Dooie See aan die westekant van die Jordaan.

Saam met Jesus en sy dissipels stap ons deur Jerigo. Net toe ons weer die dorp verlaat, hoor ons skielik iemand uitroep: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U to oor my!" en weer en weer, terwyl mense hom probeer stilmaak. Maar toe sê Jesus: "Roep hom nader", en genees hom.

Nou begin ons die berg uitklim – op pad Jerusalem toe. Van Jerigo na Jerusalem klim jy omtrent 'n 1000m teen die Olyfberg uit. Dis 'n lang vermoeiende klimtog – maar die moeite werd want as jy bo is – dan sien jy Jerusalem voor jou lê. Wat 'n gesig is dit nie! Die heilige stad van Dawid.

Daar is 'n groeiende opgewondenheid onder die skare en ook onder die dissipels. Vandat Jesus na Jerusalem begin reis, in Galilea al, het die dissipels en almal wat saam met Jesus gereis het een groot groeiende verwagting gehad: Jesus gaan die koninkryk van Israel weer oprig! Hy is die Messias. Die Seun van Dawid.

Verskeie kere het Jesus vir sy dissipels probeer verduidelik wat in Jerusalem werklik gaan gebeur. Maar dit het nie die dissipels afgesit nie. Net nadat Jesus vir die derde keer oor sy dood gepraat het, net voor hulle Jerigo binnegekom het, het Jakobus en Johannes gekom

met 'n versoek: as Jesus as koning heers, wanneer Hy die bewind oorgeneem het en die juk van die Romeine afgegooi het, wil hulle een aan sy regterkant en die ander aan sy linkerkant sit.

Maak nie saak hoe Jesus verduidelik of wal gegooi het nie – die opwinding van die reis na Jerusalem, die emosie rondom Paasfees, die groeiende verwagting van bevryding uit die mag van die Romeine, was net te veel. Selfs die blinde man het in hierdie opwinding gedeel: "Seun van Dawid", noem hy vir Jesus. Die Seun van Dawid, 'n koning uit die nageslag van Dawid, sou die ryk van Israel weer oprig!

Bo op die Olyfberg was daar twee dorpies: Betfage en Betanië. Toe Jesus bo op die Olyfberg kom stuur Hy twee van sy dissipels gestuur om 'n donkie te gaan haal. Hulle bring toe donkie en hulle gooi van hulle klere op die rug van die donkie en Jesus klim op. En skielik onthou die mense die woorde van Sagaria:

> *"Jubel Sion! Juig Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie."*

Dit het alle twyfel uit die weg geruim! Jesus is die Messias, Hy is die Seun van Dawid. Hy gaan nou Jerusalem triomfantelik binnegaan!

In die opwinding van die oomblik gooi mense hulle klere op die stofpad voor Jesus – soos hulle vir 'n koning sou doen, en hulle pluk groen takkies af en swaai dit soos wat mense gewoonlik doen om 'n koning te verwelkom.

En almal – die wat voor geloop het en die wag agter aan gekom het – het gesing:

> *Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!*
> *Geseënd is ons voorvader Dawid se koninkryk wat aan die kom is! Prys Hom in die hoogste hemel!*

Dawid se koninkryk is aan die kom! Dit is aan die gebeur! Dis byna ongelooflik! Na al die jare van swaarkry onder die Romeine – is daar nou iemand wat hulle gaan verlos en gaan red! Elke jaar met Paasfees het almal gehoop – maar hierdie jaar, met hierdie Paasfees word ons hoop en ons drome waar!

Nog iets wat bygedra het tot die opgewondenheid was 'n gebeurtenis tweehonderd jaar vantevore.

Tweehonderd jaar vantevore was Juda toe ook deur 'n vreemde volk oorheers. En toe het daar iemand na vore gekom wat die vreemde juk afgegooi het, Judas Makkabeus.

In die tweede Makkabeërboek word hierdie vehaal vertel. (2 Makkabeërs 10:1-8)

En toe - net toe die opwinding sy hoogtepunt bereik - toe gebeur … niks nie. Nadat Jesus die tempel so 'n bietjie na die tempel gaan kyk het, is Hy en sy dissipels terug Betanië toe. Wat 'n antiklimaks!

Maar miskien more!

In hierdie verhaal het ons te doen met 'n klomp mense wat Jesus vir hulle eie agenda wil inspan. Dit sou die patroon vorm vir die eeu wat volg: mense wat nie verstaan wat dit is om dissipel te wees nie, maar wat Jesus en die Christelike geloof vir hulle eie doeleindes aanwend.

Dit sluit in: *konings en regeerders* wat nasionalistiese agendas gehad het, *besigheidsmense* wat Christus wou inspan vir die groei van hulle besigheid, *sportmense* wat oorwinnings sogenaamd in die Naam van Christus wil behaal, *ons almal* wat Christus in diens stel van ons drome, ideale en ambisies. (vgl die inhoud van ons gebede! Nie: Laat *u* wil geskied, laat *u* koninkryk kom …)

Gemeentes en kerke en dominees doen dit ook. Christus in diens van ***ons*** agenda of program. Baie gemeentes en kerke is op hulle eie missie. Geld. Geboue. Getalle.

Hier is God se agenda: genade, gemeenskap, gebed, groei, gehoorsaamheid. (Geld, geboue en getalle is *nodig*, maar dis nie die agenda nie.)

Palmsondag herinner ons aan die feit dat dit vreeslik maklik is om Jesus te annekseer vir onsself en vir ons eie drome, ideale en ambisies. Palmsondag herinner ons aan wesenlike van dissipelskap: dissipelskap beteken om God se agenda na te jaag, om God se koninkryk voor op te stel.